Leon Claassen plaas 'n hoë premie op dreinering vanweë sy spesifieke natmaakmetode, warm klimaat (in die Noorde van Pretoria) en beperkte blootstelling aan die son. Sy mengsel is basies as volg:

Halwe deel fyn sand
Een deel growwe gruis (3-4mm)
Halwe deel kompos
Halwe deel veen

Hierby voeg hy 'n bietjie beenmeel en goed gekomposteerde beesmis indien beskikbaar.

Charles Ceronio het ook goeie wenke vir grondmengsels. (Vgl. sy artikel oor Grondmengsel.)

BEMESTING

Bemesting is belangrik om die boompies gesond en groeikragtig te hou. Die basiese elemente wat tydens bemesting gegee word is stikstof (N) , fosfaat (P) en Kalium (K).

Die hoveelheid Kalium in die grond is nie so belangrik nie, maar eerder die balans van Kalium tot ander elemente in die grond.

Stikstof is belangrik as voeding vir bogrondse groei. Blare vertoon soms 'n effense geel verkleuring ten spyte daarvan dat hul nie droogte ly nie. Dit toon soms 'n tekort aan stikstof aan. Stikstoftoediening kan met gereelde tussenposes van ongeveer veertien dae in klein hoeveelhede toegedien word. Maak die kunsmis in water aan teen omtrent die helfte van die aanbeveling vir potplante om te verhoed dat die fyn wortelnetwerk deur die

kunsmis "gebrand" word. Stikstof was baie maklik uit die grond uit en moet dus gereeld aangevul word. Begin stikstof toediening in die lente as die bome bot.

Fosfaat is veral nodig vir gesonde wortelgroei. Twee toedienings per jaar kan as voldoende beskou word. Die eerste toediening kan in die lente gedoen word saam met die eerste stikstofbemesting en die tweede toediening in die herfs net voor die boom veronderstel is om in sy winter rusperiode te gaan. Fosfaat is moeilik oplosbaar in water. Dit sal dus nie deur water in die grond ingewas word om uiteindelik by die wortels uit te kom nie. Derhalwe moet fosfaat op een of ander wyse in die grond geplaas word. Dit impliseer dat grond noodwendig versteur sal moet word om dit by die wortels te kry. Dit toon weereens die belangrikheid daarvan dat voldoende fosfaat in die vorm van beenmeel, langfos of superfosfaat vooraf in die grondmengsel ingewerk moet word. Gedurende die winter voed die wortels op die fosfaat en berei hulself voor vir die komende groeiseisoen.

Kalium (potas) is meer van belang vir blom- en vrugontwikkeling. Hoewel hierdie aspek nie juis by Akasia bonsai voorkom nie, is dit tog belangrik dat daar wel Kaliumtoedienings van tyd tot tyd gedoen word.

Daar is normaalweg genoeg Kalium in die grond om aan die plant se behoeftes te voldoen. Plante wat gereeld oorgeplant word, kry derhalwe voldoende Kalium veral as daar mis en/of hout-as in die mengsel ingewerk word. Indien nie, kan 'n bietjie Kalium in die lente en voor die herfs toegedien word. Die element kalium beweeg in die